

# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Augustus 2014



Hoop ten spyte van....

Lees binne...

- Om staande te bly – 1
- Onreg en hoop – 2
- Gesinsgeweld – 3
- Werksverlies uit 'n vrou se perspektief – 7

## In hierdie uitgawe

- BI 1 Om staande te bly in 'n deurmekaar wêreld (Ds Steve Oxtan)
- BI 2 **Van die redakteur, ds David Barnard**  
Onreg en hoop
- BI 3 **Aktuele sake**  
Gesinsgeweld (Dr Eugène Viljoen)
- BI 4 **Kerkwêreld**  
Die ekumeniese beweging – 'n historiese oorsig (Ds Wouter van Wyk)  
A message from New Zealand (Mrs Wendy Lester)
- BI 5 **Kerkwerf**  
Hartseer dae in Junie en Julie  
Kernkomitee Finansies en Administrasie (Ds Willem Kok)  
Kerklike Mediasondag
- BI 6 **Ons praat Teologie**  
Wat leer predikante op universiteit oor die Heilige Gees? (Ds Elritia le Roux)  
Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening & Bybelvasvra
- BI 6 **Gespreksforum**  
Om te oorleef... Die impak van werksverlies uit 'n vrou se perspektief  
(Ds Anet Dreyer-Krüger)
- Agterblad **Oordenking**  
Geestelike identiteit (Ds Duwies Duvenage)

\*\*\*\*\*

## Onreg en hoop

**Ds David Barnard** skryf in die redaksionele berig dat onreg en seerkry eie is aan ons wêreld. In ons tyd hoor ons gereeld van mense, dikwels vroue, wat onder die moeilikste omstandighede leef. Vroue wat gereeld mishandeling op elke denkbare terrein in die oë staar en vroue wat baie ontberings moet deurmaak as gevolg van die ekonomiese klimaat en ander druk wat tans ons land kenmerk. Die onreg wat gepaardgaan met mishandeling, die magteloosheid wat gepaardgaan met die omstandighede in die land, spreek vanself. Ons bevind ons boonop in 'n tydgleuf waar 'n harmonieuse gesinslewe dikwels 'n onbereikbare droom eerder as 'n werklikheid is.

Die merkwaardige is dat baie vroue op die een of ander manier hierdie beproewinge en ellende deurstaan – 'n vrou wat uit die wonde van mishandeling en misbruik ontstaan en sin in die lewe soek en vind; 'n moeder wat die uitdagings van ons tyd alleen moet trotseer omdat haar man van haar moes weggaan ter wille van die gesin se oorlewing. Hulle word vir ons bakens van hoop. Hulle word monumente van moed hou en vorentoe beur, ongeag die omstandighede. Hulle is inderdaad die oesters wat die seerkry in pèrels verwerk het.

Wat verder merkwaardig is, is dat geloof en hoop die ankers van hul bestaan bly. Geloof ten spyte van... Hoop te midde van... Hulle wys aan ons dat 'n hartseer ervaring met die teenwoordigheid van God gepaardgaan. Hy is immers in ons hartseer en in ons gebrokenheid teenwoordig. Hierdie hartseer paaie is nooit alleenpaaie nie. Dit is dikwels paaie van hoop.

\*\*\*\*\*

## Om staande te bly in 'n deurmekaar wêreld

**Ds Steve Oxtan** vertel die verhaal van Ina Bonnette. Hy skryf ook dat 'n mens nie ver hoef te gaan soek nie om te besef dat ons in 'n deurmekaar wêreld bly. Die lamppale waarlangs ons verby ry, dra swaar aan die getuie van die stukkende omstandighede waarmee mense elke dag te doen kry. Die koerante en die

nuusberigte op televisie maak moord, geweld (en veral gesinsgeweld), verkragting en kindermishandeling so *alledaags* dat ons maklik gedesensiteer word. Dit is asof die oorkoepelende menseverhaal een word van toenemende stukkendheid.

Te midde van hierdie narratief van stukkendheid is dit menslik om allerhande *hoekoms* en *waaroms* te vra: Waar is God? Hoekom laat God toe dat al hierdie slegte dinge met goeie mense gebeur? Hoor God nog die noodroep van die stukkendes? Natuurlik kom die vraag ook: Hoe bly 'n mens staande te midde van hierdie deurmekaar en stukkende wêreld?

Lesslie Newbiggin, een van die grootste missioloë van die 20ste eeu, skryf in die artikel *Evangelism in a context of secularization* soos volg: *A community of people that, in the midst of all the pain and sorrow and wickedness of the world, is continually praising God is the first obvious result of living by another story than the one the world lives by.* Dit wil voorkom of Newbiggin van mening is dat die uitleef van 'n ander verhaal, 'n verhaal wat getuig van voortdurende lof en aanbidding – in die midde van 'n dominante wêreldse verhaal van hartseer en pyn – die kenmerk is van 'n Christelike gemeenskap. Newbiggin se woorde is veral gepas wanneer 'n mens na Ina Bonnette kyk. Wanneer 'n mens alles in ag neem wat Ina ervaar het, sou jy verwag om bitterheid te sien. Dit is egter nie die geval nie. Haar hele menswees straal van lof en aanbidding teenoor God. Sy erken dat haar pad na heelheid nog lank voor haar uitgestrek lê, maar sy stap die pad nie alleen nie. God is met haar, tree vir tree.

\*\*\*\*\*

## Gesinsgeweld

**Dr Eugène Viljoen**, kliniese sielkundige, skryf oor die feit dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap die afgelope jare dikwels gekonfronteer is met erge voorbeelde van geweld wat in gesinne en families plaasvind. Die geweld word deur volwassenes en kinders binne familieverband gepleeg. Ons dink hier aan die sinnelose Griekwastad-moorde binne 'n gesin, en onlangs die gebeure in Springs waar 'n pa sy gesin gevange gehou het vir jare en waar albei ouers ernstige emosionele en fisiese geweld teenoor hul kinders gepleeg het.

Alhoewel ons in die sogenaamde moderne tyd leef, word daar in die begin van die Bybel (Gen 4) verwys na die eerste moord binne 'n familie. Kain, seun van Adam en Eva, het sy broer Abel doodgemaak. Volgens die interpretasie was dit as gevolg van Kain se woede, jaloesie en afguns.

Deur die artikels en kommentaar oor hofsake in die pers te lees, ontwikkel daar vrae rakende die oorsake en redes vir die oënskynlike sinneloosheid van die optredes van geweldenaars. Wat beweeg iemand binne 'n familie om gewetenloos 'n gesins- of familielid aan te rand, of bloot af te maai? Lê die oorsaak daarvan in die opvoeding wat verkeerd loop, of binne verklarings van alkoholmisbruik, of is dit 'n fout wat ontwikkel in die psige van die geweldenaar?

Gesinsgeweld word beskryf as aangeleerde gedrag, en die feit dat geweld aangeleer is, beteken dat dit ook afgeleer kan word deur die geweldenaar se gedrag te verander. Dit gebeur egter slegs in gevalle waar daar genoeg motivering bestaan om die gedrag te verander.

\*\*\*\*\*

## Ons praat Teologie

**Ds Elritia le Roux** vra: Wat leer predikante op universiteit oor die Heilige Gees? Studente kom in verskeie vakdissiplines met die studie van die Heilige Gees in aanraking. Hoofsaaklik geniet die tema van die Heilige Gees aandag in Sistematiese Teologie en Ou- en Nuwe-Testamentiese Wetenskap, hoewel aspekte van die rol van die Heilige Gees ook in Praktiese Teologie en Missiologie aan die orde kom.

In die leerplan van die Sistematiese Teologie wat ds Le Roux van 2005 tot 2009 deurloop het, het die boek van Alister McGrath, *Christian Theology: An Introduction*, 'n sentrale rol gespeel. Die gedagte agter die keuse vir McGrath se handboek was dat studente 'n omvattende oorsig verkry oor hoe die Christelike

kerk deur al die eeue oor bepaalde aspekte van die geloof gedink het. McGrath gee aandag aan die groter historiese konteks waarin die kerk gegroei.

In die vakdisiplines van Ou- en Nuwe-Testamentiese Wetenskap kom die bestudering van die Heilige Gees op 'n ander manier aan die orde. Die Bybelwetenskappe maak studente bewus van die unieke teologiese aksent van elke Bybelskrywer en die feit dat die Bybel self 'n produk is van die harmonieuse langs-mekaar-bestaan van uiteenlopende teologiese standpunte. Studente sal byvoorbeeld 'n module aan Matteus afstaan waartydens Matteus se pneumatologie aan die orde sal kom, en in die daaropvolgende module sal Johannes of Lukas weer aandag geniet met spesifieke fokus op elkeen van hierdie skrywers se hantering van die Heilige Gees.

Ds Le Roux pleit dat die persepsie dat kritiese teologie geloof bedreig of studente selfs van hul geloof kan "berooft", reggestel word. 'n Verdieping in die studie van die tekste van die Bybel wat ons as normatief vir ons geloof beskou, en 'n kritiese evaluering van ons dogmas en tradisies, behoort ons eintlik juis nader aan God te bring en geestelik te laat groei.

\*\*\*\*\*

## Die impak van werksverlies uit 'n vrou se perspektief

Vir 'n man om sy werk te verloor, hou nie net finansiële bedreigings in nie, maar beïnvloed ook sy selfbeeld, gemoedstoestand en fisiese gesondheid. Ongelukkig is dit iets wat al hoe meer algemeen word, veral as gevolg van regstellende aksie en die krisis in die mynbedryf.

In Rustenburg het hierdie krisis egter nie met die mynstakings in 2014 eers begin nie en gaan dit ook nie ophou die oomblik wanneer die werkers weer terug is werk toe nie. Verder is die impak van werkloosheid ook nie net op die individu nie. Dis belangrik dat ons hierdie traumatiese ervaring nie net vanuit een perspektief sien nie, omdat dit so 'n wye impak het. Volgens ekonome word sewe persone direk geraak wanneer een broodwinner sy of haar werk verloor. Daar is egter nog nie baie gefokus op die effek wat 'n man se werksverlies op 'n vrou en moeder het nie. Hoe hanteer 'n mens so 'n krisis?

**Ds Anet Dreyer-Krüger** het met 'n vrou en moeder van drie in Rustenburg gaan gesels, om uit te vind hoe hierdie omstandighede haar beïnvloed.

\*\*\*\*\*

## Ander berigte

In hierdie uitgawe is daar ook **ds Wouter van Wyk** se historiese oorsig oor die ekumeniese beweging; 'n bemoedigende skrywe uit Nieu-Seeland; 'n berig oor die twee emerituspredikante en twee predikantsvroue wat in Junie/Julie vanjaar oorlede is; 'n berig oor die opdrag van die Kernkomitee Finansies en Administrasie; en 'n oproep aan gemeentes om deel te neem aan die Kerklike Mediasondag op 24 Augustus en die Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening wat saam met die Bybelvasvra in September aangebied word.

**Ds Duwies Duvenage** se oordenking handel oor geestelike identiteit. Volgens Paulus behoort 'n lewendige verhouding met die drie-enige God uit te loop op 'n lewe van sekerheid wat gekenmerk word deur vrede, vreugde, selfbeheersing, diensbaarheid, omgee vir ander... Ons lewe egter in 'n tyd waarin dit moeilik haalbaar blyk te wees.

Ons moet besef God is nie die veranderlike nie. Wat in Christus gebeur het, staan vas. Sy Gees is in en by ons elke dag van ons lewe, gereed om sy dinamiese werking in ons te openbaar. Die veranderlike lê by elke mens. Indien jy jou identiteit in Christus volbring, sal dieselfde gesindheid in jou leef as wat in Hom was. Jy sal jouself verloën, jou kruis opneem en Christus volg. Jy sal 'n lewendige en heilige offer wees wat, volgens sy wil, aanneemlik en volmaak is. Dieselfde integriteit en lojaliteit wat die drie-enige God teenoor jou het, sal met wederliefde beantwoord word!